

OPLEIDING IN NATUURBESTUUR

T. J. Steyn

NATUURBESTUUR was reeds vir baie jare 'n gespesialiseerde beroep. Selfs die bioloog met 'n deeglike opleiding in die basiese vakke soos dierkunde en plantkunde het spoedig tot die besef gekom dat daar 'n ernstige leemte in sy opleiding bestaan het. Aan die een kant was baie van sy versamelde kennis van weinig waarde; aan die ander het hy 'n groot behoefte gevoel aan metodes en tegnieke wat op sy daaglikse probleme van toepassing sou wees. In die algemeen het hy oor te veel teoretiese en te min praktiese opleiding beskik.

Mettertyd is daar 'n hele aantal kursusse oorsee ontwikkel om spesiaal in die behoeftes van die natuurbestuurder te voorsien. So, byvoorbeeld, is daar in die jaar 1949 'n totaal van 279 Baccalaureus-, 71 Meesters- en 19 Doktorsgrade in verskillende aspekte van natuurbestuur aan 32 universiteite en kolleges in die V.S.A. toegeken. Namate die behoefte aan hierdie soort opleiding meer algemeen besef is, het selfs die opkomende Afrika-state (hoofsaaklik met buitelandse hulp) ernstige aandag daaraan begin skenk. Die Universiteitskollege van Rhodesië en Njassaland te Salisbury het met ingang 1964 'n nagraadse kursus in Natuurbestuur ingestel. Te Mweka, naby Moshi, Tanganjika, is 'n „Kollege vir Natuurbestuur in Afrika" op 23 Junie 1963 geopen, terwyl 'n tweede opleidingsentrum vir die Franssprekende gebiede in Wes-Afrika beplan word.

In Suid-Afrika is daar ook die afgelope drie jaar aandag aan die instelling van 'n nagraadse kursus geskenk, onder andere deur die Nasionale Koördinerende en Adviserende Komitee vir Faunanavorsing wat in April 1960 deur Sy Edele die Minister van Landbou-Tegniese Dienste benoem is. Hierdie Komitee rapporteer goeie vordering met sy skema en hopelik sal eersdaags 'n belangrike aankondiging in verband met die finansiering daarvan gemaak word. Dit sou jammer wees as Suid-Afrika, wat oor sommige van die beste natuurbewaringsgebiede in die wêreld beskik, op die gebied van opleiding agter moes raak.


1420

Fauna and Flora, 14 (1963)

Die Uitroeiing van die Breëlip- of Witrenoster (*Ceratotherium simum simum* (Burch.)) in Transvaal en sy Hervestiging. 'n Historiese en Kritiese oorsig

Dr. R. Bigalke

IN sy boek met die titel „Mammals of South West Africa" maak Shortridge (1934) melding van die feit dat 'n horing wat deur Parsons (1743) afgebeeld is, die eerste bekende aantekening van 'n witrenoster is. Selater (1900, l. bl. 299) sluit ook hierdie verwysing in sy literatuurlys in. Omdat daar egter twyfel oor Shortridge se bewering bestaan, was mnr. R. W. Hayman van die British Museum so vriendelik om die oorspronklike artikel vir my na te slaan. In 'n brief van 21 Mei 1963 skryf hy dat Parsons se artikel meestal gaan oor wat vroeëre skrywers oor die Indiese renoster geskryf het wat Lissabon in die jaar 1513 bereik het, en wat deur Dürer in 'n oordrewe manier geteken is (d.w.s. in die jaar 1515; Gowers, 1950, en 'n latere aantekening met illustrasie). Nadat Parsons aanmerkings oor Dürer se foute gemaak het, wy hy enige bladsye aan 'n volledige beskrywing van 'n Indiese renoster wat Londen in die jaar 1739 bereik het. Aan die end van sy artikel



Breëliprenosters in die Loskopdam-natuurreservaat en Openbare Oord.

Foto: Chris Pisart.

vestig Parsons aandag op die feit dat die Afrikaanse renoster twee horings het, maar hy beskryf geen Afrikaanse renostersoort en maak ook geen melding van 'n naam nie. Op plaat No. III van sy referaat is daar nege aparte tekenings van verskillende liggaamsdele van die renosters wat hy ken, onder meer ook van enkele horings. Fig. 6 het die opskrif „A beautiful Horn in Dr. Mead's Museum, being about 37 inches long". Maar geen melding word van hierdie horing se oorsprong gemaak nie. Die vermoede dat dit 'n witrenoster se horing is berus blykbaar alleen op die horing se lengte. Maar aangesien die voorste horing van die swartrenoster (*Diceros bicornis*) langer as 37 duim mag wees (Best etc., 1962), is daar niks om te bewys dat die horing wat Parsons afbeeld wel dié van 'n breëliprenoster is nie. Die bewering dat die eerste bekende verwysing na die breëliprenoster dié van Parsons is, moet dus van die hand gewys word.

John Barrow het in die jare 1797 en 1798 'n reis deur die binneland van Suid-Afrika onderneem en 'n reisbeskrywing in twee bande uitgegee. In die eerste band (1801) skryf hy soos volg: „In our descent of the mountain, we were driven to seek shelter from the violence of the rain in a mixed horde of Bastards and Namaaquoas. The chief was of the former description. In his younger days he had been a great lover of the chase, and his matted hut within still displayed a variety of the skins of animals that had fallen before his piece. He boasted that, in one excursion, he had killed seven camelpardales and three white rhinoceroses. The latter is not uncommon on the skirts of the colony behind the Hantam mountain, and seems to be a variety only of the African two-horned rhinoceros. It differs from it in color, which is a pale carnation, in size, which is considerably larger, and in the thinness of its skin; all of which may perhaps be the effects of age".


'n Uitgegroeide witrenoster is wel 'n groter dier as 'n uitgegroeide swartrenoster, maar uit Barrow se beskrywing is dit nie duidelik of hy van sy sogenaamde „witrenosters" self gesien of persoonlike kennis van die diere gehad het nie. Die eienaardige liggaamskleur waarvan hy melding maak dui daarop dat hy nie self die diere geken het nie; dit is ook duidelik uit sy verslag dat hy twyfelagtig oor die diere se identiteit is. Daar kan dus nie beweer word dat die diere waarna Barrow verwys wel *Ceratotherium simum* was en dat dit voorheen in Namakwaland voorgekom het nie. Shortridge (1934) vestig die aandag daarop dat daar blykbaar geen betroubare rekord van die voorkoms van *C. simum simum* ten suide van die Oranjerivier bekend is nie.

Die breëlip- of witrenoster is vir die eerste keer as 'n nuwe soort deur W. Burchell (1817) erken en ook wetenskaplik in 'n Franse tydskrif beskryf. Hierdie kolossale soogdier het hy die eerste keer op 16 Oktober 1812 gesien in wat nou die noordelike Kaap-Provinsie is, en wel in die omgewing van Chue Spring of Heuningvlei (breedtegraad ongeveer 26° 15' S en lengtegraad 23° 10' O) by die Makuba-berge, ongeveer tagtig myl noord-noordwes van Kuruman (vergelyk die aangehegte kaart na Cave, 1947). Burchell se voor treffelike tekenings, wat nou in die besit van die Gubbins Kuratore in Johannesburg is, het in Cave se referaat verskyn. Omdat die rekords van Parsons en Barrow nie aanvaarbaar is nie weens die redes wat alreeds genoem is, moet die jaar 1812 as die vroegste betroubare rekord van die breëliprenoster (*C. simum simum*) in Suid-Afrika aanvaar word.

Die doel van hierdie referaat is om te probeer om vas te stel wanneer *C. simum simum* in Transvaal uitgegroeie is. Dit sal dus nodig wees om die geskiedkundige gegewens te ondersoek, maar slegs vir sover hulle hierdie saak raak.

Uit die beskrywings van die jagers en reisigers van vroeëre jare is dit duidelik dat die suidelike breëliprenoster vroeër 'n groot gebied in die suide-

like deel van Afrika bewoon het. Dit het voorgekom in wat nou bekend is as Suid-Angola, 'n deel van Suidwes-Afrika, Betsjoeanaland, Suid-Rhodesië, Transvaal, Zoeloeland en ten minste 'n deel van Portugees Oos-Afrika. Daar word algemeen aanvaar dat die diere nie ten suide van die Oranjerivier voorgekom het nie. Bryden (1893) betwyfel hierdie stelling, maar het geen bevredigende bewyse vir sy bewering nie. Dit word betwyfel of die witrenoster voorheen in die huidige Oranje-Vrystaat voorgekom het. Kirby (1920, bl. 224) sê dat daar nie bewyse ontbreek dat dit wel ver ten suide van die Vaalrivier voorgekom het nie, maar ongelukkig verstrek hy nie hierdie bewyse nie. Selous (1899, bl. 53) is van mening dat daar geen rede is hoekom sommige breëliprenosters op sekere tye nie die Vaalrivier sou oorgesteek en die Vrystaat binnegetrek het nie. In hierdie verband is 'n onlangse mededeling van dr. A. C. Hoffman van die Nasionale Museum in Bloemfontein van besondere belang. In 'n brief van 4 Julie 1963 deel hy mee dat hy ongeveer twee jaar gelede 'n mooi skedel van *C. simum simum* ontvang het wat in die Valsrivier naby Kroonstad gevind is. In daardie museum is daar ook dele van 'n half-fossiele skedel wat jare gelede van Fauresmith in die suid-westelike Oranje-Vrystaat afkomstig is.



Kaart volgens Cave oorgeteken (1947, met 'n gewysigde naam). Dit wys die tipe-habitat van *Ceratotherium simum simum*.

In die jaar 1893 is 'n onvolledige witrenoster skedel uit swart turfgrond op 'n diepte van sowat agt voet ongeveer twaalf myl van die Vaalrivier in die Kimberley distrik ontdek. Slater (1900, bl. 302) beweer dat dit tot daardie jaar die suidelikste bekende verspreidingspunt van die dier is. Daar is blykbaar geen latere fondse van nie-versteende oorblyfsels wat verder suidwaarts gevind is nie. Slater meld nie of die skedel ten noorde of ten suide van die rivier gevind is nie, en ongelukkig kan die huidige direkteur van die Suid-Afrikaanse Museum geen lig op die saak werp nie. Maar uit die Landmeter-generaal se kaart van die Kaap die Goeie Hoop en aangrensende gebiede, wat in 1895 gepubliseer is, is dit duidelik dat die grootste deel van die noordelike grens en die hele wesgrens van Kimberley se distrik destyds deur die Vaalrivier gevorm is; nêrens het die noordelike of westelike grens anderkant die Vaalrivier gestrek nie. Daar is dus baie min twyfel dat die skedel waarna Slater verwys aan die suidekant van die Vaalrivier gevind is.

Heller (1913) en Player en Feely (1960) het kaarte gepubliseer wat die algemene verspreiding van die witrenoster in suidelike Afrika in vroeëre tye aandui. Die suidelike deel van Heller se kaart, wat 'n aantal werklike vondse aangee, is hier gereproduseer. Dit is op 'n groter skaal geteken en van die huidige gebiedsname voorsien. Player en Feely se kaart verskil ietwat van Heller s'n aan die suidelike en oostelike grense.

Toe Selous (1899, bl. 54) Suid-Afrika vir die eerste keer in 1871 besoek het, het hy gevind dat die verspreidingsgebied van die witrenoster „had been very much reduced since the days of Cornwallis Harris, but these animals were still numerous in the uninhabited districts of Matabeleland, Mashunaland, Gazaland (i.e. southern Mozambique—author) and Zululand, as well as certain portions of the Eastern and South Eastern Transvaal”. In dieselfde berig skryf hy (bl. 58) „although it has always been known that a few white rhinoceroses still survived in a certain district of Northern Mashunaland, I think it is generally believed that by 1890 this species had become extinct in every other part of South Africa”.

In sy boek „Game and Gold”, die datum waarvan nie vermeld word nie maar wat miskien in die jaar 1926 verskyn het, skryf Glynn (bl. 56): „During the interval between the first and second Sekukuni wars, my father and I decided to go down to Pretorius Kop, and on the 25th June we set out for the hunting grounds with some Boer friends”. Aangesien die eerste Sekoekoenie Oorlog op die 15 Februarie 1877 geëindig, en die tweede in Februarie 1878 begin het (Theal 1919), het die jagekspedisie op die 25 Junie 1877 vertrek. Glynn skryf verder soos volg: „Black rhinos were killed by us on the opposite side of the Crocodile River, where Nelspruit Station is today, and white rhinos were in the country low down on the Sabi River on the edge of the Matemere Bush”. Elders (bl. 113) berig hy dat „black rhinos were found in the rough country down below White River, Nelspruit and extending across to the Oliphants River; there were a few white rhinos also”.

In 1896 (bl. 9) skryf Kirby dat „both species of rhinoceros are now practically extinct, the square-mouthed being altogether so”. In 'n voetnoot gee hy ook die volgende inligting: „For many years past the well-known Matamiri bush, lying along the south bank of the Sabi River, has been a favourite resort of *Rhinoceros simus*, but they have become almost extinct now even there. This year (1895) I came upon two in that district, a cow and big calf; but they are decidedly rare”. 'n Verdere verwysing verskyn in die eerste bylae (bl. 550) van sy boek, waar hy skryf „with the exception of perhaps three or four individuals still lingering in the Matamiri bush to the south of the Sabi, the square-mouthed rhinoceros (*R. simus*) is also extinct in this district”. Hierdie berig weersprek blykbaar die vorige een, maar

aangesien hy dr. Slater, sekretaris van die Zoological Society of London, bedank „for the assistance rendered in connection with the more scientific portions of the work (p. x)”, is dit moontlik dat heelwat tyd verstryk het tussen die tyd toe hy die bylae en die berig in die boek geskryf het, t.w. dat die breëliprenoster in 1896 in die Matamiribos heeltemal uitgesterf het.


Hier moet daar iets oor die spelling van geografiese Bantoe-name gesê word. Enigeen wat die geskrifte van die ou jagters en reisigers in Afrika naslaan, sal gou bewus word van die groot verskeidenheid van die spelling van name. Die gevolg is dat dit soms moeilik is om die verskillende spellings vir enige bepaalde plek te herken. Die feit dat Bantoe ortografie nog nie gestandaardiseer is nie kan tot verwarring lei. Dus die „Matemere bush” wat volgens Glynn „low down on the Sabi River” is, is ongetwyfeld dieselfde as waarna Kirby as „Matamiri bush” verwys. „Matamiri” was vir 'n lang tyd die gebruiklike naam, maar nou is dit verander na „Nwatimhiri”. 'n Mens kan slegs hoop dat finaliteit oor die spelling nou bereik is. In die geval van die Transvaalse laeveld word die verwarring nog groter waar name wat jarelank op die kaarte verskyn het deur nuwes vervang word. Dus het die Mbabatrivier nou die Timbavatrivier geword.

'n Ander moeilikheid is die gebruik van dieselfde name in verskillende dele van die subkontinent. Dus in Oos-Transvaal is die Sabirivier (nou Sabierivier) 'n tak van die Komatirivier, maar daar is ook 'n „Sabi River” in Suid-Rhodesië. Dit vloei deur Mosambiek, waar dit as die Rio Save bekend is, en bereik die Indiese Oseaan by Nova Mambone. Dergelike sake moet onthou word as 'n mens ou boeke oor die vroeëre verspreiding in Afrika se wild raadpleeg.

In 'n referaat wat onlangs verskyn het (1963, bl. 23) skryf Pienaar dat „according to Glynn (1926) a few (i.e. Square-lipped Rhinos) remained near Lower Sabi until the later 'seventies’”, maar ek kan geen dergelike bewering in Glynn se boek vind nie. Dit skyn asof die sin uit Stevenson-Hamilton (1950) oorgeneem is. Pienaar maak geen melding van Glynn se verwysing na die „Matemere Bush” nie, maar siteer Hamilton waar hy sê dat die witrenoster sekerlik nie na die sewentigerjare van die vorige eeu voorgekom het nie (d.w.s. in wat nou die suidelike deel van die Kruger-Reservaat is). Dit moet beklemtoon word dat Stevenson-Hamilton nie voor die jaar 1902 in die laeveld van Transvaal aangekom het nie, dus op 'n tydstop toe die dier alreeds verdwyn het. Hy het dus geen persoonlike kennis van die fauna se status in daardie gebied voor 1902 gehad nie. In werklikheid bewys hy na Glynn se boek en na wat W. Sanderson hom vertel het (1950).

In 'n brief (1 Mei 1963) deel Pienaar mee dat hy nie na Kirby se berig oor die aanwesigheid van die breëliprenoster in die jaar 1896 in die „Matamiri Bush” verwys het nie, omdat hy (Pienaar) ernstig oor die betroubaarheid van Kirby se waarneming twyfel en glo dat Kirby swartrenosters gesien het, en ook omdat die teenwoordigheid van 'n koei en kalf in 1895 ook die teenwoordigheid van ander uitgegroeide diere, veral bulle, aandui. Maar Kirby se berig kan nie om hierdie rede verwerp word nie. Verwerping is ten geregtigheid as daar bewys kan word dat sy waarneming inderdaad op 'n foutiewe identifikasie berus. Daardie bewys ontbreek.

Kirby was 'n ervare jagter, en daar bestaan geen twyfel dat hy sowel die wit- as die swartrenoster goed geken het nie. Waar hy die dood van twee toegewyde Bantoejagters betreur (1896, bl. X en XI), maak hy ook melding van die feit dat hulle nege jaar saam gejag het. In 'n ander boek wat jagtogte in Portugese en ander dele van Oos-Sentraal-Afrika beskryf, gee hy uiting aan sy teleurstelling (1899, bl. 337) „in not meeting with the square-mouthed rhino in the Mozambique Province, as I had expected to do”. Elders in dieselfde boek (bl. 133) skryf hy dat „in no portion of that Province (that



Die kaart toon die algemene verspreidingsgebied van *Ceratotherium simum simum* in groen. Volgens Heller (1913). Oorgeseen op 'n groter skaal met 'n paar wysigings en met die huidige name van die gebiede. Die letter-
 A Burchell, 1817; Noordelike Kaapprovinsie. E de la Gorgue, 1847; Zoeloeland.
 B Campbell, 1822; Kuruman (Mashow). F Cumming, 1850; Marico- en Limpopo-rivier; Kurichane
 C Harris, 1838; Marico- en Limpopo-rivier. G Andersson, 1856; Walsisbaai; suidwes van Ngamineer.
 D Peters, 1842; Lourenço Marques.

I Livingstone, 1857; Ngamineer.
 J Baldwin, 1863; Amantongaland en Marico.
 J Selous, 1881, 1893, 1894, 1899; Boloop van die
 Choberivier; Mashonaland.
 K Nicolls en Eglington, 1892; Noord-oos Mashon-
 aland; Sabirivier (t.w. in Mashonaland.)

L Bryden, 1893, 1897; Mashonaland en Zoeloeland.
 M Oswell, 1895; Molopo-rivier en Mabotsé stasie.
 N Coryndon, 1894; Mashonaland.
 O Selatier, 1900; Kimberley.
 P Newton, 1903; Zoeloeland.
 Q Hoffman, 1961?; Valsrivier in die O.V.S.

is to say Mozambique—author) is the square-mouthed species found, nor is it known to the natives". Hierdie bewering is te betwyfel. Dit mag net toevallig gewees het dat sy roete nie deur dele gegaan het waar die dier voorgekom het nie. Die breëliprenoster se vroeëre verspreiding in Portugees Oos-Afrika raak ons nie hier nie, maar daar mag net genoem word dat Peters (1852) skryf dat hoewel hy geen geleentheid gehad het om self die dier te ondersoek nie, hy homself van die witrenoster se teenwoordigheid oortuig het deur verkryging van een paar horings in Lourenço Marques wat nog aan die vel vas was.

Wat Kirby oor die witrenoster in Portugees Oos-Afrika geskryf het is hier slegs aangehaal met die doel om verdere bewys te lewer van die feit dat hy 'n goeie kenner van die dier was. Dit is ook belangrik om kennis te neem van die feit dat of die hele manuskrip van sy boek „In Haunts of Wild Game" of in elk geval die inhoud van bylae 1 aan so 'n bekende dierkundige van sy tyd soos dr. P. L. Selater voorgelê is. (sien hierbo).

Dit volg ook nie noodwendig dat toe Kirby 'n witrenoster koei met 'n groot kalf in die „Matamiri Bush" in 1895 gesien het, daar ook ander uitgegroeide diere, veral bulle, moes gewees het nie. Hy sê dat dit 'n groot kalf was, en met die oog op die onbeteuelde wildslagting wat in die tweede helfte van die negentiende eeu in die laeveld plaasgevind het, is dit moontlik, en selfs waarskynlik, dat die bul of bulle alreeds vernietig was. Kirby (1920, bl. 231) maak melding van die feit dat 'n koei met kalf maar sonder bul dikwels aangetref word (in Zoeloeland).

'n Ander saak waarna Pienaar verwys is dat die Nwathimhiribos nie vir witrenosters geskik is nie omdat daar in die digte boswêreld 'n taamlike gebrek aan gras is. In verband hiermee skryf Kirby egter soos volg (1920, bl. 234):— „It has always appeared to me that the white rhinoceros of Zululand is a more decidedly bush loving animal than it is elsewhere; some of the streams are fringed with stretches of very dense bush, inside of which the ground is always moist and the air cool, and while it seems quite the correct thing to find buffalo congregating there, and any number of bushbuck, it appears incongruous to meet with white rhinoceroses in such places. Nevertheless these animals pass a very great deal of their time in these localities, and very often lie up for the day in them". Daar is geen rede om te vermoed dat die breëliprenoster nie dieselfde gedrag in die digte bosse langs die Nwathimhiririvier in die huidige Kruger-Wildtuin getoon het nie. Die aanhoudende vervolging deur talle onwettige jagers kon veroorsaak het dat die diere in hierdie digte bos gedurende die dag geskuil het en dit snags verlaat het om kos en water verder weg te soek. In een van die kaarte in Pienaar se referaat (1963, bl. 16) word aangetoon dat die digte doringbosse in die omgewing van die sameloop van die Nwathimhiri- en die Sabierivier stroomopwaarts „mixed Combretum Savanna Woodland" word. Die weiding in laasgenoemde word beskryf (bl. 13) „as being predominantly sweet and of excellent quality". Hy skryf verder dat „it is the outstanding game habitat and supports the largest ungulate community of any one area in the Park". Ten tye van voedselkaarste in die Nwathimhiribos, het die witrenosters wat vroeër daar tuis was hierdie „mixed Combretum Savanna Woodland" as weiveld tot hulle beskikking gehad.

Dit gebeur soms dat die breëliprenoster selfs in 'n rotsagtige gebied voorkom. So het Selous (1899, bl. 67) genoteer dat hy in 1873 baie swartrenosters en een breëliprenoster gesien het „scrambling with great activity up and down steep stony hills". Maar hy het geglo dat hierdie witrenoster verdwaal het. Kirby skryf (1920, bl. 239) dat hy dit nooit hoog op rotsagtige koppies aangetref het nie, waar die swartrenoster graag rondklim, maar in geval dit nodig is kan die witrenoster buitengewone steil en rotsagtige

plekke met gemak baasraak. Hulle beweeg ook oor die uitlopers van die berge.

Volgens Foster (1960, bl. 28) „the Square-lipped Rhinoceros is wholly a grazer under normal conditions, but in times of drought, when there is a scarcity of grass, they also feed on small shrubs and a dwarf euphorbia *Stapelia* sp. (sic)—Zulu isihlehle—as well as on the succulent stems of a leafless creeper *Sarcostemma viminalis*. On account of the sparsity of such plants within the high density area they cannot be regarded as a regular diet of the rhinos". Kirby (1920, bl. 236) meld dat witrenosters „undoubtedly do assimilate a certain quantity of leaves of low-growing ground plants which they take in their mouths along with the grass". Hy verwys ook na die groot lappe „ihlehle" doring in die Umfolozi-wildreservaat, waarin die meeste witrenosters van daardie omgewing gedurende die dag aangetref word as hulle slaap (1920, bl. 235). In 'n brief van 30 Augustus 1963, het die Senior Wildopsiener van die Umfolozi-wildreservaat, mnr. Jan Player, my verwittig dat die plant wat Foster „isihlehle" noem die gewone turksvy (d.w.s. *Opuntia* sp.-outeur) is, en dat die breëliprenoster ten tye van droogte hierdie plant eet. Hy maak ook melding van die feit dat Vaughan-Kirby turksvy in sekere dele van die Umfolozi-wildreservaat in die jaar 1918 geplant het. Volgens Player bestaan daar geen inligting dat breëliprenosters ooit enige soort *Euphorbia* of *Stapelia* eet nie.

Om die gegewens saam te vat, vind ons dus dat Selous melding maak van die aanwesigheid van die breëliprenoster in 1871 in sekere dele van die oostelike en suid-oostelike Transvaal. Na sy mening is daar ook in 1890 algemeen aanvaar dat die dier van elke ander deel van Suid-Afrika (behalwe Noord-Mashunaland) verdwyn het. Van die paar wat daar nog in 1890 in Zoeloeland was en volgens Kirby ook in die Matamiribos van Oos-Transvaal moes gewees het, was hy dus nie bewus nie. In 1878 het Glynn die dier se teenwoordigheid aan die rand van die „Matamere Bush" genoteer, en Kirby het 'n koei met 'n kalf in 1895 in dieselfde bos aangetref. Dit is selde moontlik om seker aan te gee wanneer 'n wilde dier uit enige besondere habitat verdwyn het. In hierdie geval is daar geen bekende rede om Kirby se bewering te verwerp dat die dier in die jaar 1896 uit die „Matamiri Bush" verdwyn het nie. Miskien sal daar in die toekoms nog 'n dagboek gevind word wat verdere lig op hierdie dier se vroeëre verspreiding in die laeveld sal werp, of skedels mag langs die Nwathimhiri- of die Sabierivier of elders gevind word.

Die mens was verantwoordelik vir die breëliprenoster se uitroeiing in Transvaal, maar na die verloop van ongeveer 65 jaar was hy ook verantwoordelik vir die dier se herinvoering.

Toe wyle mnr. P. Grobler, die destydse Minister van Lande, die eerste vergadering van die Nasionale Parkeraad op 16 September 1926 geopen het, het hy besondere aandag aan die breëliprenoster geskenk en gesê dat dit baie goed sou wees om hierdie seldsame soort weer na die Park terug te bring (Bigalke, 1954). Later het wyle Herbert Lang na Zoeloeland toe gegaan en 'n verslag in Mei 1928 ingedien met voorstelle in verband met die vangs van die renosters. Aan dié plan is egter eers uitvoering gegee nadat die moderne immobiliseringsmetodes met organiese spuitmiddels in gebruik geneem is. Op die 13 Oktober 1961 het twee paar breëliprenosters uit Zoeloeland die Kruger-Wildtuin bereik, en later nog sewe stuks. Meer sal van tyd tot tyd na die Wildtuin toe geneem word.

Die breëliprenoster is ook in die Provinsie buite die Kruger-Wildtuin se grense ingevoer. Op 2 April 1963 het twee bulle die Loskopdam-natuurreservaat en Publieke Oord bereik en twee koeie op die tyfde van dieselfde maand. Hulle word voorlopig in 'n kamp van ongeveer tien morge gehou

en sal later in die reservaat losgelaat word. Op die 11 April 1964 is die eerste kalf ('n vers) van hierdie groep gebore. Dit is 'n baie belangrike gebeurtenis, nie alleen omdat dit die eerste in sy soort is wat buite Zoeloeland gebore is sedert die dier van die res van Suid-Afrika verdwyn het nie, maar ook omdat dit die eerste kalf is wat sedert 1896 in Transvaal gebore is.

Ten die end van April 1964 is nog twee paar witrenosters na Loskop toe geneem.

Ten slotte wil ek graag die volgende bedank vir literatuur wat geleen is of vir die naslaan van ou literatuur of vir ander hulp: Mnr. R. W. Hayman van die British Museum, dr. V. Fitzsimons, dr. A. C. Hoffman, dr. A. W. Crompton, dr. F. H. Talbot, mnr. A. M. Brynard, mnr. Jan Player, mnr. C. J. Ward en die bibliotekaris van die Africana Biblioteek, die Johannesburgse Openbare Biblioteek en die Staatsbiblioteek in Pretoria.

LITERATUUR

- BARROW, J. (1801). An Account of Travels into the Interior of Southern Africa in the years 1797 and 1798. Vol. 1, pp. 395-396. T. Cadell Jun. and W. Davies, London.
- BEST, G. A., EDMOND-BLANC, F. and COURTENAY WITTING, R. (1962). Rowland Ward's Records of Big Game. Xlth Edition (Africa), p. 258. Rowland Ward Ltd., London.
- BIGALKE, R. (1954). The National Zoological Gardens of South Africa. p. 35. Central News Agency, Johannesburg.
- BRYDEN, H. A. (1893). Gun and Camera in Southern Africa. pp. 493-494. Edward Stanford, London.
- BURCHELL, W. J. (1817). Note sur une nouvelle espèce de rhinoceros. Bull. des Sciences Soc. Philomatique de Paris. June pp. 96-97.
- CAVE, A. J. E. (1947). Burchell's Rhinoceros Drawings. Proc. Linn. Soc. of London, Pt. 30 December, pp. 141-146.
- FOSTER, W. E. (1960). The Square-lipped Rhinoceros. The Lammergeyer. Vol. 1, No. 1, pp. 25-36.
- GLYNN, H. T. (1926?). Game and Gold. Memories of over 50 years in the Lydenburg District. pp. 56, 113 and 127. Dolman Printing Co., London.
- GOWERS, SIR WILLIAM (1950). The Classical Rhinoceros. Antiquity, Vol. XXIV, pp. 61-71, and a later correction.
- HELLER, E. (1913). The White Rhinoceros. Smithsonian Miscellaneous Collections, Vol. 61, No. 1, p. 36.
- KIRBY, F. V. (1896). In Haunts of Wild Game. A Hunter-naturalist's Wanderings from Kahlamba to Libombo. pp. X, XI, 9 and 550. William Blackwood and Sons, London.
- VAUGHAN KIRBY, F. (1899). Sport in East Central Africa. Being an Account of Hunting Trips in Portuguese and other Districts of East Central Africa. pp. 133 and 337. Rowland Ward, London.
- VAUGHAN KIRBY, F. (1920). The White Rhinoceros, with special Reference to its Habits in Zululand. Annals of the Durban Museum, Vol. II, pp. 224, 231, 234-236 and 239.
- PARSONS, J. (1743). The Natural History of the Rhinoceros. Phil. Trans. 42, pp. 523-541. Plate III, Fig. 6. London.
- PETERS, W. C. H. (1852). Naturwissenschaftliche Reise nach Mossambique (auf Befehl seiner Majestät des Königs Friedrich Wilhelm IV in den Jahren 1842 bis 1848 ausgeführt. Zool. I, Säugethiere, p. 180. Berlin.
- PIENAAR, U. DE V. (1963). The Large Mammals of the Kruger National Park - their Distribution and Present-day Status. Koedoe, No. 6, pp. 12, 13, 16 and 23.
- PLAYER, I. C. and FEELY, J. M. (1960). A Preliminary Report on the Square-lipped Rhinoceros. The Lammergeyer, Vol. 1, No. 1, p. 4.
- SLATER, W. L. (1900). The Mammals of South Africa. Vol. I pp. 299, 301 and 302. R. H. Porter, London.
- SELOUS, F. C. (1899). The White- or Square-mouthed Rhinoceros (*Rhinoceros simus*). Sometimes called Burchell's Rhinoceros. pp. 52-67. In Bryden's Great and Small Game of Africa. Rowland Ward Ltd., London.
- SHORTIDGE, G. C. (1934). The Mammals of South West Africa. Vol. I, p. 428, etc. William Heinemann Ltd., London.
- STEVENSON-HAMILTON, J. (1950). Wild Life in South Africa, p. 45. Cassell and Co., London.
- THEAL, G. M. (1919). History of South Africa from 1873 to 1884. Volume X of the Series, pp. 261-266 and 281. George Allen and Unwin Ltd., London.

Nuttige Wetenskaplike Werk oor die Parasiete van Wilde Diere in Transvaal

dr. F. Zumpt

S.A. Instituut vir Mediese Navorsing

DIE Afdeling Entomologie van die S.A. Instituut vir Mediese Navorsing, in samewerking met die staat se Sentrum vir Mediese Ekologie, maak al jarelank 'n opname van die geleedpotige parasiete van wilde diere in Afrika ten suide van die Sahara. Daar is baie wetenskaplikes in Suid-Afrika en oorsese wat saamwerk. Die resultate sal in vier bande saamgevat word en deur die S.A. Instituut vir Mediese Navorsing, met geldelike ondersteuning van die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad, uitgegee word. Die eerste band, wat reeds in 1961 verskyn het, behandel die myte en tongwurms wat as parasiete in soogdiere, voëls, reptiele en amfibieë voorkom. Die lys bevat 940 parasietsoorte wat 778 soorte wilde- en huisdiere besmet. Aan hierdie band het ses wetenskaplikes meegewerk, nl. dr. J. R. Audy (San Francisco), J. Gaud (Parys), R. F. Lawrence (Pietermaritzburg), W. M. Tell (Londen), P. H. Vercammen-Grandjean (San Francisco) en F. Zumpt (Johannesburg).

Tans is dr. G. Theiler van die Veertsenyediens by Onderstepoort besig om gegewens oor bosluise saam te stel, en dr. E. Haeselbarth en ekself doen navorsing in verband met verskillende groepe parasitiese insekte, hoofsaaklik vlooië en vlieë wat maaierbesmettings veroorsaak.

Toe ons span begin het, was daar maar 'n paar groepe geleedpotige parasiete wat deeglike aandag geniet het, bv. die bytende luisse deur wyle G. A. H. Bedford van Onderstepoort. Daar was egter ander groepe wat nog min aandag geniet het. Dit was dus van die allergrootste belang om veldwerk te reël sodat materiaal versamel kon word om die etiologie van die siektes van wilde diere, ook met betrekking tot natuurbewaring, te bestudeer en om meer inligting in te win oor die moontlike gevaar van wild as draers van siektes van die mens en huisdiere. Dergelike veldwerk is gelyktydig ook elders in Afrika begin, veral deur Engelse, Franse en Belgiese wetenskaplikes.

Die geskikste plekke vir navorsing van hierdie aard is natuurreserve met 'n verskeidenheid van ongesteurde dierebevolkings. Dit is vir my aangenaam om te kan sê dat ek van die betrokke outoriteite alle nodige hulp ontvang het, en sodoende in staat was om wilde diere te bestudeer wat voorheen selde of ooit aandag geniet het.

Een van die eerste persone wat fasiliteite en onskatbare hulp verleen het is die Transvaalse Direkteur van Natuurbewaring, mnr. T. J. Steyn. Dit is vir my 'n plesier en ook 'n eer om iets te boek te stel oor die interessante ontdekkings wat in die loop van ons studies op die natuurreserve van Transvaal gemaak is, en ook op privaatplase wat die eienaars, deur mnr. Steyn se bemiddeling, tot ons beskikking gestel het.

In die jaar 1957 het ek van mnr. Steyn verneem dat 'n kwagga en 'n